higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

7 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

340Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n item uit KOLOM A om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10 in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Armoede	A	om in die samelewing te funksioneer en met andere oor die weg te kom
1.2	Etiek	B	iemand wat kwesbare mense versorg
1.3	Emosionele behoeftes	C	die basiese behoefte aan kos en skuiling
1.4	Crèche	D	die behoefte om liefgehê en gekoester te word en te voel dat jy iewers behoort
1.5	Sosiale vaardighede	E	take wat op 'n spesifieke ouderdom bereik word
1.6	Kwesbaarheid	F	fasiliteit wat dagsorg vir kinders voorsien
1.7	Versorger	G	sindroom wat veroorsaak word deur 'n moeder wat gedurende haar swangerskap alkohol misbruik
1.8	FAS	H	persoon se morele beginsels wat hul gedrag beheer
1.9	Ontwikkelingsmylpale	I	om op die een of ander manier aan gevaar of skade blootgestel te wees
1.10	Fisiese behoeftes	J	die gebrek aan of onvermoë om basiese dinge soos kos te bekostig

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Kinderarbeid is onwettig in Suid-Afrika.

2.2 Ouers het die finale seggenskap oor hoe hulle hul konders grootmaak.

2.3 'n Kind is enige persoon jonger as 21 jaar.

2.4 Kinders met gestremdhede het die reg op spesiale sorg

2.5 Onderwys ontwikkel slegs 'n kind se intellek.

2.6 Voeding is die enigste werklike faktor wat 'n kind se welsyn kan beïnvloed.

2.7 Befondsing is 'n belangrike probleem in die voorsiening van gehalte-kindersorg.

2.8 Daar word altyd van 'n ECD-praktisyn verwag om die regte van kinders te verseker.

2.9 Dit is nie belangrik dat ECD-praktisyns lewenslange leerders is nie

2.10 Dit is 'n fundamentele reg van kinders om 'n naam te hê.

2.11 Die Hindoe-fees van ligte word Guy Fawkes genoem.

2.12 Kinders boots die gedrag van die volwassenes in hul lewens na.

2.13 Kindermishandeling is die slegte behandeling van kinders.

2.14 Kinders moet aangemoedig word om Childline se telefoonnommer te memoriseer.

2.15 Kinders moet aan die meerderheidskultuur by die ECD-sentrum voldoen.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies EEN woord of term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

allergeen; kindermortaliteit; verwaarlosing; mangelontsteking; wiegiedood; koors; rubella; skielike sterftesindroom; allergies; muskiete; inentings; anemies; vlieë; mishandeling

3.1 Een van die simptome van griep is … .

3.2 Herhaaldelike keelinfeksies kan dui op … .

3.3 Iets wat 'n allergiese reaksie veroorsaak, word 'n … genoem.

3.4 Sterfte binne die eerste vyf jaar van 'n kind se lewe staan bekend as ... .

3.5 Malaria word deur … versprei.

3.6 Hierdie tipes inspuitings word vir mense gegee om bepaalde gevaarlike siektes te voorkom.

3.7 As voldoende mediese sorg nie verskaf word nie, kan dit as … beskou word.

3.8 'n Ander naam vir Duitse masels.

3.9 'n Ander naam vir Skielike Babasterftesindroom.

3.10 Wanneer 'n mens 'n ystertekort het, het jy ….

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Daar is (vier/vyf) hoofvoedselgroepe in die voedselpiramiede.

4.2 (Koolhidrate/Proteïne) voorsien die liggaam van energie en hitte.

4.3 (Avokado/botter) help om vlakke van slegte cholesterol te verlaag.

4.4 (Vleis/Brood) help die liggaam om weefsel te bou en gesond te bly.

4.5 Voedingstowwe wat mense in hul dieet moet beperk, is (vitamiene/versadigde vette).

4.6 'n Kind of volwassene behoort minstens (drie/twee) gebalanseerde maaltye per dag te eet.

Kopiereg voorbehou

4.7 'n Vergrote lewer kan die gevolg van (kwasjiorkor/skeurbuik) wees.

4.8 Sonlig is 'n goeie bron van (vitamien D/vitamien B).

4.9 (Vitamien C/vitamien K) kom voor in vrugte soos lemoene en suurlemoene.

4.10 'n Moeder moet altyd probeer om haar baba te (borsvoed/bottelvoed).

4.11 (Ontwrigting/inflammasie) is 'n verskuiwing van 'n been of gewrig.

4.12 Die gevolg wanneer jy 'n spier oormatig strek (verrekte spier/verstuite spier).

4.13 (Brandwonde/Bytwonde kan 'n tetanus-inspuiting benodig.

4.14 Wanneer iemand weens 'n gebrek aan suurstof nie kan asemhaal nie, (versmoor hy of sy/is hy of sy in skok).

4.15 Die basiese mediese hulp om te volg wanneer iemand beseer word, staan bekend as (noodhulp/steunhulp).

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verduidelik waarom inentings in die vroeë kinderjare belangrik is. (4)

5.2 Noem enige VYF inentings wat kinders behoort te kry. (5)

5.3 Definieer die volgende konsepte:

5.3.1 'n Familie

5.3.2 Die gemeenskap

5.3.3 'n Broodwinner

5.3.4 'n Gesin waarvan 'n kind aan die hoof staan

5.3.5 'n Stiefgesin

(5 × 2) (10)

5.4 Noem VIER vorms van kinderverwaarlosing. (4)

5.5 Noem DRIE instellings waar 'n mens kindermishandeling en -verwaarlosing kan aanmeld. (3)

5.6 Noen VIER redes waarom die departement van maatskaplike dienste 'n kindersorgfasiliteit kan sluit. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Nozipho is 'n uiters intelligente dogtertjie. Sy is baie stil en teruggetrokke. Sy hou baie van aktiwiteite soos om legkaarte en lego te bou. Sy meng selde met ander kinders tydens buitenshuise spel en sit heel gelukkig op haar eie en sandkastele bou. Sy hou daarvan om na die prente in boeke te kyk, maar sal nie aan gesprekke deelneem nie.

6.1.1 Op grond van die scenario hier bo, in water domein sukkel Nozipho? (1)

6.1.2 Motiveer jou antwoord met DRIE voorbeelde uit die scenario. (3)

6.2 Maatskaplike probleme in die gemeenskap kan die versorging en welsyn van kinders kompliseer.

Verduidelik hoe jy, as 'n ECD-praktisyn, 'n kind uit jou groep kan ondersteun wat uit 'n gemeenskap kom waar maatskaplike probleme soos dwelms en alkohol algemeen voorkom. (2 × 2) (4)

6.3 Verduidelik die konsep *welsyn ("well-being").* (2)

6.4 Lees die volgende scenario.

> Roslyn en Jackie is twee vrouens wat met mekaar getroud is. Hulle het twee kinders aangeneem: 'n seun en 'n dogter. Selfs al sukkel die kinders met hul ouers sel geslagsrolle, is hulle baie gelukkig by die huis. Mense in die gemeenskap diskrimineer teen hulle, maar ten spyte daarvan voel hulle veilig en geliefd deur hulle twee "ma's". Daar is egter tye wanneer die twee dames bekommerd voel omdat hulle dalk hul kinders in die steek laat.

6.4.1 Watter soort gesinstruktuur word in die scenario hier bo uitgebeeld? (1)

6.4.2 Verduidelik die gesinstruktuur wat jy in VRAAG 6.4.1 genoem het. (2)

6.4.3 Uit die scenario, identifiseer TWEE faktore wat daarop dui dat die kinders se huislike lewe positief is. (2)

6.4.4 Identifiseer DRIE faktore wat 'n uitdagings vir ouers in hierdie tipe gesinstruktuur kan wees. (3)

6.5 Dit is verkeerd om kinders met kos om te koop of dit as 'n aansporingsmaatreël te gebruik.

6.5.1 Stem jy saam met die stelling hier bo? (1)

6.5.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 6.5.1. (3)

6.6 Verduidelik hoe armoede jong kinders se welsyn kan beïnvloed.

Gee VIER voorbeelde. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 7

7.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Rajesh, 'n vyfjarige kind, word aan erge kindermishandeling onderwerp. Daar is altyd kneusplekke op sy lyf asook sny- en brandwonde. Hy voel dikwels onveilig en onseker by die huis omdat sy ouers hom beledig. Hulle sê gereeld vir hom dat hy lelik en onnosel is.

7.1.1 Op grond van die scenario, identifiseer TWEE vorms van mishandeling waaraan Rajesh onderwerp word.

7.1.2 Verduidelik jou antwoord aan die hand van voorbeelde uit die scenario.

(2 × 2) (4)

7.2 Wat veroorsaak vetsug in jong kinders? Noem VYF oorsake. (5)

7.3 Noem VYF voorbeelde van kos met min voedingswaarde wat tydens die vroeë kinderjare vermy moet word. (5)

7.4 Lees die volgende scenario.

> Elke aan voor aandete, maak Amy se ma seker dat sy Amy by die voorbereiding van die aandete betrek. Sy sal byvoorbeeld vir Amy vra om die tafel te dek en die groente te was. Amy hou baie van hierdie aktiwiteite. Amy is egter baie fiemies met kos en haar ma met dikwels aparte maaltye vir Amy voorberei. Dit lei dikwels tot 'n onaangename atmosfeer gedurende etenstye.

7.4.1 Uit die scenario, identifiseer TWEE dinge wat Amy se ma reg doen. (2)

7.4.2 Voel jy dit is in Amy se beste belang dat haar ma spesiale maaltye vir haar voorberei, net omdat sy nie hou van die kos wat die res van die gesin eet nie? (1)

7.4.3 Gee DRIE idees hoe Amy se ma Amy kan aanmoedig om die kos te eet wat sy vir die res van die gesin voorberei het. (3)

7.5 Dink aan jou kombuis by die huis.

7.5.1 Noem en verduidelik VYF potensiële gevare vir jong kinders in die kombuis.

7.5.2 Verduidelik hoe hierdie potensieel gevaarlike situasies wat jy in VRAAG 7.5.1 genoem het, vermy kon gewees het.

(2 × 5) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 Hoe kan ECD-praktisyns die risiko dat kinders buite op die speelgrond beseer word, beperk? (5 × 2) (10)

8.2 Verduidelik waarom kinders in die ouderdomsgroep 1–2 jaar meer geneig is tot ongelukke. (5)

8.3 Verduidelik die ABC van noodhulp. (3 × 2) (6)

8.4 Noem VYF belangrike wenke wat in 'n noodgeval gevolg moet word. (5)

8.5 Noem VIER prosedures wat met bloeiende wonde gevolg moet word. (4)
[30]

VRAAG 9

9.1 Verduidelik die term *xenofobie.* (2 × 2) (4)

9.2 Noem DRIE plaasvervangers vir proteïne wat jy kan gee vir 'n kind wie se ouers daarop aandring dat hy of sy om godsdienstige redes nie vleis by die skool eet nie. (3)

9.3 Bespreek VIER riglyne vir die keuse van speelgoed en speletjies vir kleuters en babas. (4 × 2) (8)

9.4 Noem DRIE maniere om kinders se eetgerei te steriliseer. (3)

9.5 Bespreek SES maniere om te verseker dat die dagsorgsentrum deur die loop van die dag higiënies gehou word. (6 × 2) (12)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou